Johannes Erasmus Smit
Vorderingsverslag 68
Maart 2017

Op 26 Maart is dit reeds 7 jaar na Johannes se ongeluk. In Oktober 2010 het ek die volgende artikel vir Die Dameskring geskryf:

## Dans met die lewe

*Die Here jou God is by jou. Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou. Hy is stil-tevrede in Sy liefde. Hy jubel en juig oor jou. Sefanja 3:17*

Johannes is 8 jaar oud – 'n wonderkind. Hy tril van opgewondenheid oor die lewe, staan nooit stil nie, kry nooit koud nie. Hy klim die hoogste bome – doen selfs sy huiswerk van tak tot tak. In die graad 3-klas is hy die leier van die Muis-bende.

Hy sê: "Mamma, jy moenie sleg voel nie, maar dis vir my vreeslik lekker by die skool, want... al my maatjies is daar."

Wanneer hy op die springmat spring, vonkel sy ogies en maak hy sy mond wyd oop sodat ek water met die tuinslang daarin kan spuit. Dan dink ek: Here, wat het ek verdien dat U hierdie mooi kind aan my toevertrou het? Hy speel krieket, hokkie, rugby en tennis, doen karate en teken die mooiste prentjies. Hy vertroetel hamsters, katte en selfs twee eekhorinkies, met name Koffiepit en Teesakkie. Johannes DANS MET DIE LEWE...

Tot 26 Maart 2010 wanneer 'n motor hom raakry terwyl hy bloekomtakke optel om daarvan groot houtkruise te maak vir Paasfees. Sy lyfie lê pap en leweloos in die teerpad. Na baie dae in die intensiewe sorg-eenheid, kom die kliniese uitspraak: ernstige permanente breinskade – soek 'n inrigting vir jul seun.

Maar die Here sê duidelik: *Ek is die Here jou God. Ek vat jou hand. Ek sê vir jou: moenie bang wees nie. Ek help jou. Jesaja 41:13*

Rehabilitasie begin. Mense met sagte harte en vriendelike oë kom help. Ander dra kos aan, ry vir Ouboet rond, bemoedig en bid. Johannes se mond word gesalf en hy begin praat...begin eet...begin lag...begin stap met hulp...begin redeneer...

Ons DANS MET DIE LEWE, want Hy, die God van Liefde, jubel en juig oor ons.

Aan die einde van 2016 skryf Thea-Rita Kluyts die volgende gedig oor Johannes:

# Deur die oë van Johannes

Here, ons pleit by U vir oë soos Johannes:

DANKBARE Oë
wat net die mooi, positiewe en lekker in die lewe sien
en ons herinner elke seëning is genade en onverdien.
Oë wat elke seëning oor en oor dankbaar tel
want van God se genade weet hy op 15 reeds wel.

VRIENDELIKE Oë
wat altyd laggend groet en glimlag
en opgewonde is oor nog 'n nuwe dag.
Oë wat eerder grappies oor die lewe maak
want om te kla verander niks aan enige saak.

BRAWE Oë
wat aanhou uitsien na God se eindplan met sy lewe
en net aanhou loop-oefen tot sy bene bewe.
Oë wat glo aan die vooruitsig van sien en loop
want hy's reeds op U pad van genade, liefde, geloof en hoop.

LEERGIERIGE Oë
wat vonkel en sprankel met elke woordspel
wanneer hy ons van nog iets pittigs vertel.
Oë wat elke mens wat sy lewe kruis
toelaat om hom iets nuuts te wys.

SAGTE Oë
wat niks van die lelik van die lewe wil weet
en eerder net alles aan God se genade meet.
Oë wat sy gesin
onvoorwaardelik bemin.

JESUS Oë
Oë soos Johannes ons Jesus-verkoper
want jou blinde geloof is ons voorloper.
Oë wat net liefde sien
en vashou aan Jesaja 41:13
**Ek is die Here jou God**
**Ek vat jou hand**
**Ek sê vir jou: moenie bang wees nie.**
**Ek help jou.**

Tot volgende keer. Seën en voorspoed. Anelé

# Foto's Vorderingsverslag 68

26 Maart 2017, sewe jaar na die ongeluk – Johannes in vrolike luim